STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

# NOTULE

## BLUE RIDGE HEV (101)

## NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 3 NOVEMBER 2021 OM 09H00 PER ZOOM

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | **Konstituering** | | |
| | | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | | |
| | | | |
| 2 | **Opening** | | |
| | | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | | **GG** |
| | | | |
| 3 | **Verwelkoming** | | |
| | | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | | **GG** |
| | | | |
| 4 | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | | |
| | | | |
| | <u>Teenwoordig:</u><br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev T Brown (Status Mark)<br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**<u>Verskoning:</u>**<br>Me A Kruger | | **GG**<br>**LN**<br>**LS**<br>**RvH**<br><br>**SM**<br>**SM**<br><br><br>**AK** |
| | | | |
| 5 | **Mosies van lief en leed** | | |
| | | | |
| | Geen items nie. | | |
| | | | |
| 6 | **Goedkeuring van vorige notule: 6 Oktober 2021** | | |
| | | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | | **KOMITEE** |
| | | | |
| 7 | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | | | |
| | 7.1 | **Brandtoerusting** | |
| | | | |
| | | T Brown van Status Mark bevestig dat daar geen belangstelling van | **STAAN OOR** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | die ander landgoedere is nie. R van Huyssteen sal 'n advertensie plaas. | |
| | | | |
| | 7.2 | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | | |
| | | L Neveling sal die aangeleentheid met Andre Bredenkamp van Pro-Plan opvolg en by die volgende vergadering terugvoering gee. | **LN** |
| | | | |
| | 7.3 | **Kantoorgebou - teëls wat oplig – alternatiewe opsies** | |
| | | | |
| | | Die aangeleentheid sal as 'n kapitale projek in die nuwe finansiële jaar hanteer word. Die item kan van die agenda afgehaal word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | 7.4 | **Hersien van Grondwet – terugvoering van eienaars** | |
| | | | |
| | | R van Huyssteen bevestig dat daar positiewe terugvoering van slegs 2 eienaars ontvang is.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Dat 'n Spesiale Algemene vergadering gehou moet word sodat die Grondwet goedgekeur kan word.<br>2. Die Spesiale Algemene vergadering sal gehou word op Maandag 29 November 2021 om 14h00.<br>3. R van Huyssteen en Status Mark sal die lokaal vir die vergadering bevestig. | **KOMITEE**<br>**KOMITEE**<br>**RvH/SM** |
| | | | |
| | 7.5 | **Werfhekke – herwinbare plastiek** | |
| | | | |
| | | Die aangeleentheid sal deur die Komitee bespreek word na afloop van die vergadering. Indien die werfhekke aanvaar word sal dit vervat word in die bouriglyne. Die item kan van die agenda afgehaal word. | **KOMITEE** |
| | | | |
| | 7.6 | **Bouregulasies wysigings** | |
| | | | |
| | | 'n Informele vergadering vir die Komitee is geskeduleer na afloop van die vergadering om die bouregulasies asook die kontrakteursooreenkoms te hersien. | **LN** |
| | | | |
| | 7.7 | **Webtuiste** | |
| | | | |
| | | Die nuwe webtuiste is naby aan voltooiing. Die webtuiste behoort teen Maandag 8 November 2021 aktief te wees. Eienaars sal per epos dienooreenkomstig in kennis gestel word. | **SM** |
| | | | |
| | 7.8 | **Finansiële beleidsdokument** | |
| | | | |
| | | Die item is afgehandel en kan van die agenda afgehaal word. | **Afgehandel** |
| | | | |
| | 7.9 | **CCTV Kameras** | |
| | | | |
| | | Formele oorname vanaf WiMation aan Blue Ridge sal binnekort plaasvind. Die kontrak sal dan in werking tree. | **RvH** |
| | | | |
| | 7.10 | **Toegangsbeheer opsies** | |
| | | | |
| | | Die Komitee sal 'n dokument wat die prosedure verduidelik aan Status Mark voorsien om aan eienars te sirkuleer ten opsigte van die toegangsbeheer opsie wat gevolg moet word. | **KOMITEE** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 7.11 | **Uitheemse plantegroei** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering | **STAAN OOR** |
| | 7.12 | **Tender – huur van motorhuise** | |
| | | R van Huyssteen is besig om die dokument op te stel waarna dit aan Status Mark gestuur sal word. Die Komitee besluit eenparig dat die huur vanaf 1/1/2022 nie minder as R900 per maand sal wees. | **RvH<br>KOMITEE** |
| 8 | **Versekering** | | |
| | 8.1 | **Versekeringseis – 3de party** | |
| | | L Neveling bevestig dat herstelwerk deur Steelworld binnekort sal geskied. L Neveling sal die Komitee op hoogte hou. | **LN** |
| 9 | **Finansies** | | |
| | 9.1 | **Bestuurstate – Oktober 2021** | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | **KOMITEE** |
| | 9.2 | **Bank balanse** | |
| | | Die bank balanse soos op 2 November 2021 as volg:<br><br>Tjek rekening – R49 263.95<br>Reserwe fonds – R873 593.62<br>Kleinkas – R2 487.95<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R88 982.87<br>Bou deposito – R50 119.00<br>TOTAAL = R786 243.65 | |
| | 9.3 | **Uitstaande heffings** | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R17 162.37 Daar is 10 eienaars tans uitstaande. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. | **SM** |
| 10 | **Argitektonies** | | |
| | Daar is geen items vir bespreking nie. | | |
| 11 | **Sekuriteit** | | |
| | Soos bespreek onder punt 7.9 | | |
| 12 | **Infrastruktuur** | | |
| | 12.1 | **Aankope – "wheelybins & werfhek"** | |
| | | Die Komitee gee goedkeuring aan L Neveling om die volgende aankope te kan doen:<br>• 4 "wheelybins" vir vullisarea<br>• Oprig van bordjies waar verskillende kleure sakke geplaas | **LN** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | moet word<br>• Werfhek vir vullisarea | |
| | 12.2 | **Herstel van heining – Suide & Westekant** | |
| | | Die Komitee sal kwotasies kry vir die herstel van die heining en die aangeleentheid sal as 'n kapitale projek in die nuwe finansiële jaar hanteer word. | **KOMITEE** |
| **13** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | 13.1 | **Tuine** | |
| | | L Neveling sal die huidige pligtestaat van die Algemene werker hersien en 'n werksprogram dienooreenkomstig opstel | **LN** |
| **14** | **Personeel** | | |
| | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | | **STAAN OOR** |
| **15** | **Algemeen** | | |
| | 15.1 | **Vakature – Mev Potgieter nr 46** | |
| | | Mev A Kruger het haar bedanking as Komitee lid ingedien weens verhuising. Mev Potgieter verklaar haarself bereidwillig om op die Komitee te dien.<br>**Besluit:**<br>1. Die Komitee besluit eenparig om Mev Potgieter as Komiteelid te bevestig. | **KOMITEE** |
| | 15.2 | **Kantoortoerusting** | |
| | | Die Komitee gee eenparig goedkeuring vir die aankoop van breekware vir die kantoorgebou. | **KOMITEE** |
| | 15.3 | **Watergebruik** | |
| | | L Neveling meld dat die bulk watermeter meer watergebruik aandui as die interne watermeters. Status Mark word versoek om die bevindinge van die munisipaliteit op skrif te kry nadat daar 'n vorige versoek aan die munisipaliteit gerig was asook betaling gemaak was om die watermeter te ondersoek. | **SM** |
| **17** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | Woensdag 1 Desember 2021 om 9h00 | | |
| **18** | **Afsluiting** | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h13 af.<br><br>.................................... Goedgekeur ........................ 9/12/21 Datum | | |